It is further notified in accordance with sub-section (2) of the aforesaid section *seventy-two* that a public meeting of persons interested in the subject of the said petition will be held in the residence of Mr. C. W. Badenhorst, Goedgelegen, at 10 a.m. on Wednesday, 24th August, 1960, under the chairmanship of an officer of the Department of Water Affairs, to enquire into the subject matter of the petition and to hear evidence for or against the proposal.

All persons interested are hereby notified that the meeting will also be held for the purpose of recording votes for or against the proposal, as it is necessary, in terms of sub-section (3) of the said section *seventy-two*, that not less than two-thirds of the owners of land situated within the area specified in the petition in question, who together own not less than two-thirds of the land irrigated and proposed to be irrigated within such area, are in favour of the proposal before the petition may be granted.

Any person who cannot be present at the meeting may by proxy, or power of attorney, delegate any other person to vote on his behalf at the enquiry.

NOTICE No. 476 OF 1960.

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.

LIST No. 11.

(*a*) The following applications that have been considered by the Board of Trade and Industries during the quarter ended 31st March, 1960, have not been supported:—

Increase in Duty on:—

1. The following items of hardware:—

Bolts: Barrel bolts, oval padlock bolts, padlock bolts (Brunton pattern), tower bolts.
Bookcase strips.
Braces: Corner braces and corner irons.

Arms: Gordynkaparms, rakarms, rakarms sonder ankers.
Klemme: Platklemme, spieëlklemme, tafelklemme, bekleedselklemme.
Handvatsels: Handvatsels vir kiste, handvatsels vir laaie.
Kramme en oorslae: Skarniertipe, sluithooftipe, veiligheidstipe, selfsluittipe en draadtipe (verlak).
Hielpunte, oop en toe.
Pypboeie.
Indekskaarthouers.
Papierknypers.
Prentelyste (verskuil).
Veerklemplanke.
Stootplate (militêre tipes en tipes vir mynwerkers).
Houers vir toiletpapierrolle.
Onderste stawe (veerstutte): Vir beddens, rusbanke en gestoffeerde meubels.

2. Lepels en vurke, nie van goud of silwer of verguld of versilwer nie in die intermediêre kolom van die tarief.
3. Slotte en duimknipslotte en slothandvatsels, in afgewerkte vorm vir verkoop ingevoer (maar nie hangslotte nie).
4. Warmwaterbottels, ongeag die materiaal waarvan dit gemaak is.
5. Veselbord-skoenverstywers.
6. Vangnette vir sardyne.
7. Vlamdigte hulse vir elektriese ligtoebehore.
8. Dompeltermostate vir gebruik in huishoudelike elektriese warmwatersilinders.
9. Hoefysters vir perde en muile.
10. Spanranddraad vir die vervaardiging van buitebande.
11. Borsels en kwaste vir landbou- en nywerheidsdoeleindes, soos uiteengesit in tariefpos 118 (*a*) (5) en (*g*).
12. Gebruikte en hernieude klaviere.
13. Draadtrekkers.
14. Geweefde wolstowwe wat volgens gewig meer as 50 persent wol of haar of wol en haar gemeng bevat.
15. Plaatlood.

Verlaging van die reg op:—

1. Losbladhandboeke en bedrukte los blaaie daarvoor.
2. Termoplastiese buise en toebehore.
3. Ongedopte rys.
4. Skilderspreparate n.e.v. wat in tariefitem 203 (2) beskryf word en wat nie gereed is vir gebruik deur skilders nie.
5. Magnetiese toestelle vir die voorkoming van ketelsteen en korosie in ketelinstallasies.
6. Klampe vir lekke in gaspype.
7. Suidwes-Afrikaanse gekleurde karakoellam-pelse.
8. Buigsame elektriese geleibuis (Sprague tubing) met 'n buite-deursnee tot en met 2 duim.
9. Plastiese ligverspreiers.
10. Sypapier in velle.
11. Sleepwa-remtoerusting.
12. Buikhyswaens.
13. Omslagskottelploeë.
14. Wolstowwe vir stoffering.
15. Beskermende voorskote en handskoene teen X-strale.
16. Doktersflennie.
17. Verskillende plastiekspeelgoed.

Korting van die reg op:—

1. Asfalt vir die vervaardiging van batteryverseëlingsmateriaal.
2. Kuns en sintetiese harssoorte vir die vervaardiging van tuinslange, versoolrubberkussing, kleefsement, oliebestaande dryfbande en slange, buitebande vir passasiersvoertuie, rayon- en stoombande, gentvoering, „Hysumite"-slange, tenkvoering- en herstelmateriaal.

Brackets: Pelmet brackets, shelf brackets, shelf stayless brackets
Clips: Flat clips, mirror clips, table clips, upholstery clips.
Handles: Chest handles, drawer handles.
Hasp and staples: Hinge type, locking bar type, safety type, self locking type and wire type (japanned).
Heel tips, open and closed.
Holderbats.
Index car holders.
Paper clips.
Picture rails (concealed).
Spring clip boards.
Toe plates (military and miners' types).
Toilet roll holders.
Underbars (spring supports): For beds, couches and upholstered furniture.

2. Spoons and forks, not being gold or silver nor gold or silver-plated in the intermediate column of the tariff.
3. Locks and latches and lock-handles imported in finished form for sale (excluding padlocks).
4. Hot-water bottles, irrespective of the material from which they are made.
5. Fibreboard footwear stiffeners.
6. Pilchard fishing nets.
7. Flameproof enclosures for electrical lighting fittings.
8. Immersion thermostats for use in electrical domestic hot water cylinders.
9. Horse and mule shoes.
10. Beading wire for the manufacture of tyres.
11. Agricultural and industrial brushware as detailed in tariff item 118 (*a*) (5) and (*g*).
12. Second-hand and reconditioned pianos.
13. Wire strainers.
14. Woven woollen fabrics containing more than 50 per cent by weight of wool or hair or wool and hair mixed.
15. Sheet lead.

Decrease in Duty on:—

1. Loose-leaf manuals and printed loose leaves therefor.
2. Thermoplastic tubes and fittings.
3. Paddy rice.
4. Painters' preparations n.e.e. described in tariff item 203 (2) and not being preparations ready for use by painters.
5. Magnetic appliances for the prevention of scale and corrotion in boiler installations.
6. Gas leak clamps.
7. South West African dyed Persion lamb skins.
8. Sprague electrical tubing up to and including 2 inches outside diameter.
9. Plastic light diffusers.
10. Tissue paper in sheets.
11. Trailer brake equipment.
12. Straddle lift trucks.
13. Reversible disc ploughs.
14. Wool fabrics for upholstery.
15. X-ray protective aprons and gloves.
16. Doctor's flannelette.
17. Various plastic toys.

Rebate of Duty on:—

1. Asphalt for the manufacture of battery sealing components.
2. Artificial and synthetic resins for the manufacture of garden hose, camelback cushion, adhesive cements, oil resisting belts and hose, passenger vehicle tyres, rayon and steam belts, launder lining, Hysumite hose, tank lining and repair materials.

3. Nafteensuur vir die vervaardiging van houtverduursamingsmiddels.
4. Materiaal, maar nie geweef of gebrei nie, wat rayon en katoen bevat, vir die vervaardiging van sanitêre doekies.
5. Olie- en ghriessoorte vir gebruik op seevarende stoomtreilers.
6. Ingevoerde sout.
7. Satyn met rayonkonstruksie en rayonvoerings vir die vervaardiging van gestikte dekens en kamerjaponne.
8. Versepingsmiddels gebruik by die vervaardiging van smeerghries.
9. Gare en wol vir gebreide klere.

Terugtrekking van die korting op:—

1. Ru-stukke vir lepels en vurke, onder item 625 van die tarief.

Algemeen:—

1. Korting van die aksynsreg op dieselolie vir gebruik by publieke passasiersvervoer.
2. Aansoek om 'n terugbetaling van die reg op gesnyde kledingstukke wat in die Unie aanmekaargesit word en heruitgevoer word.

(*b*) Die volgende aansoeke is gedurende die tydperk 1 Maart 1960 tot 31 Mei 1960, ingetrek of die applikante het nie daarmee voortgegaan nie:—

Verhoging van die reg op:—

1. Bitumen.
2. Graandrogingsapparaat.
3. Wolframkarbiedpunte, maar uitgesonderd punte vir slagboorstele en gereedskap met wolframkarbiedpunte.
4. Lintsaaglemme.

Verlaging van die reg op:—

1. Koollosepapier, wat in sekere hoeveelheid was bevat, vir frakture, dossiere, forms, ens.

Korting van die reg op:—

1. Verbonde nylonmateriaal; plastiekverbonde filterveselmatte; glaswolplastiekharsverbonde media in die rol; geplooide glasverbonde media en mikroveselpapier, vilt en glaskussinkies, nie volgens grootte gesny nie, en metaalskermpanele vir die vervaardiging van lugfilters.
2. Fosforsuur vir die vervaardiging van voedselgis vir menslike verbruik en dierevoer.
3. Ru-smeestukke vir die vervaardiging van steenkoolsnykettings.
4. Kontinu-garesoorte (sintetiese monofilamente) vir gebruik by die vervaardiging van vlegsels.
5. Vloeibare petroleumasfalt vir gebruik by die vervaardiging van hardebord.
6. Isopropielalkohol met 'n minimum suiwerheid van 99 persent en absolute alkohol met 'n minimum suiwerheid van 99·6 persent, vir gebruik by die vervaardiging van skoonheidsmiddels.
7. Strooi in die stuk en plastiekhandvatsels vir die vervaardiging van strooihandsakke.
8. Nat gemaalde mika vir gebruik by die vervaardiging van verf.
9. Plastiekasetaatplate gebruik by die vervaardiging van veiligheidsbrille.

Terugtrekking van die korting op:—

1. Katoengare en afvalkatoengare vir die vervaardiging van komberse, kombersgoed, reisdekens en tjalies.

Algemeen:—

1. Terugbetaling van die reg op staalkabelband en gesponne kraftpapiertou, gebruik by die vervaardiging van kabels.

Vir Lys No. 10, sien Algemene Kennisgewing No. 291 van 29 April 1960.

3. Naphthenic acid for the manufacture of timber preservatives.
4. Fabric, other than woven or knitted, containing rayon and cotton, for the manufacture of sanitary towels.
5. Oils and greases used on ocean-going steam trawlers.
6. Imported salt.
7. Satin with a rayon construction and rayon linings for the manufacture of quilted bedspreads and dressing gowns.
8. Saponifiers used in the manufacture of lubricating grease.
9. Yarn and wool for knitted clothing.

Withdrawal of Rebate on:—

1. Spoon and fork blanks under item 625 of the tariff.

General:—

1. Rebate of the excise duty on diesel oil for use in public passenger transport.
2. Application for a refund of the duty on cut garments assembled in the Union and re-exported.

(*b*) The following applications have been withdrawn or have not been proceeded with by the applicants during the period 1st March, 1960, to 31st May, 1960:—

Increase in duty on:—

1. Bitumen.
2. Grain drying apparatus.
3. Tungsten carbide tips but excluding tips for percussive drill stems and tungsten carbide tipped tools.
4. Bandsaw blades.

Reduction in Duty on:—

1. Carbonless paper, with a certain amount of wax content, for invoices, dockets, forms, etc.

Rebate of Duty on:—

1. Bonded nylon material; plastic-bonded filter fibre mats; spun-glass plastic resin bonded media in the roll; pleated glass bonded media and micro fibre paper, felt and glass pads, not cut to size, and metal screen panels for the manufacture of air filters.
2. Phosphoric acid for the manufacture of food yeast for human consumption and animal feed.
3. Rough forgings for the manufacture of coal cutter chains.
4. Filament yarns (synthetic monofilaments) for use in the manufacture of plaits.
5. Liquid petroleum asphalt for use in the manufacture of hardboard.
6. Isopropyl alcohol minimum 99 per cent purity and absolute alcohol minimum 99·6 per cent purity, for use in the manufacture of cosmetics.
7. Straw in the piece and plastic handles for the manufacture of straw handbags.
8. Wet ground mica for use as a pigment in the manufacture of paints.
9. Plastic acetate sheeting used in the manufacture of safety goggles.

Withdrawal of Rebate on:—

1. Cotton yarn and waste cotton yarn for the manufacture of blankets, blanketing, rugs and shawls.

General:—

1. Refund of duty on steel cable tape and spun craft paper string used in the manufacture of cables.

For List No. 10, see General Notice No. 291, of the 29th April, 1960.

KENNISGEWING No. 477 VAN 1959.

AANSOEK OM REGISTRASIE AS WELSYNORGANISASIE.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL *NEGE* (5) VAN DIE WET OP WELSYNORGANISASIES, 1947.

Die aansoeke van die volgende welsynorganisasies om registrasie ingevolge artikel *nege* (3) (*a*) van die Wet op Welsynorganisasies, 1947 is toegestaan:—

Registrasie-nommer.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
W.O. 2252	Vloedhulp-organisasie van Umzinto en Distrik, Metodiste-kerksaal, Scottburgh	Om bystand te verleen aan persone wat verlies en skade gely het en ontberings verduur het as gevolg van die oorstromings van riviere gedurende Mei 1959.
W.O. 2253	Vloedhulpkomitee van Umzimkulu, Umsimkulu	Om bydraes in kontant en goed in te samel en te ontvang ten einde die aktiwiteite van die komitee (naamlik vloedhulp) te bevorder.
W.O. 2254	Natalse Vloedhulpkomitee, Durban.....	(*a*) Om bystand te verleen in die bestryding van die nood van persone en om bystand te verleen met die herstelling van materiële skade en verliese wat voortspruit uit die verwoesting wat deur die oorstromings van Mei 1959 veroorsaak is. (*b*) Vir die doel van die hulpverlening waarna in (*a*) hierbo verwys word, sal bydraes, geldelik of nie-geldelik, gebruik en ingesamel word in alle dele van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Enige bystand deur die fonds sal op 'n *ex gratia* basis wees. (*c*) Geen aansoek om bystand wat langer as drie maande na die ramp ingedien word, sal oorweeg word nie. Aansoek om 'n verlenging van hierdie tydperk mag deur die Nasionale komitee van die Nasionale Hulpfonds toegestaan word. (*d*) Geen verdere gelde sal na 30 Augustus 1959 ingesamel word nie. Met die toestemming van die Nasionale Komitee van die Nasionale Hulpfonds kan hierdie datum vooruit geskuif word. (*e*) 30 Mei 1960, is die finale datum waarop die aktiwiteite van die fonds afgesluit moet word. (*f*) Koördinasie van die aktiwiteite van die hulpkomitees van Umzimkulu, Port Shepstone, Umzinto en distrik. (*g*) Toewysing van fondse in kontant of goed aan bogenoemde hulpkomitees. (*h*) Om op te tree as die plaaslike hulpkomitee vir die landdrosgebied van Durban.
W.O. 2255	Vloedhulpkomitee van Port Shepstone en Distrik, Posbus 5, Port Shepstone	Om bystand te verleen aan die slagoffers van die oorstromings wat die gebied gedurende Mei 1959 geteister het.
W.O. 2256	Vereniging vir Bejaarde Persone van Durban en Distrik, p/a Posbus 277, Durban	Om hulp, versorging en leiding aan bejaarde blanke persone te bied, om hulle geluk en welsyn op alle moontlike maniere te bevorder, en om in die besonder— (*a*) sodanige hulp aan sulke persone te bied beide gedeeltelik en *in natura*. (*b*) vir mediese en tandheelkundige versorging, verpleging, medisyne, geneesmiddels, toestelle en hulpmiddels, regsadvies en onkoste, maaltye en spesiale diëte, en alle dienste en onkoste wat daarmee gepaard gaan, te reël en te betaal, waar nodig. (*c*) vir vakansies, uitstappies en partytjies en alle ander vorms van vermaak en ontspanning vir bejaarde blanke persone te organiseer, te reël en te betaal (in die geheel of gedeeltelik); (*d*) gereelde besoeke en uitstappies vir bejaarde blanke persone te organiseer; (*e*) met enige ander klub, vereniging of assosiasie wat soortgelyke doelstellings het, saam te werk; (*f*) die welsyn van bejaarde blanke persone te bevorder deur openbare belangstelling daarin aan te moedig en deur samewerking met die Staat en met provinsiale en plaaslike besture; (*g*) te onderneem om vertoë in die belang van bejaarde blanke persone aan die staat en ander owerhede te rig; (*h*) klubs en ander maatskaplike kontakte tussen bejaarde blanke persone te bevorder, te beheer- en te organiseer; (*i*) enige trust, uit eie beweging of andersins, te aanvaar en uit te voer indien so 'n onderneming wenslik geag word vir die bereiking van die doelstellings van die Vereniging; *j*) enige skenking wat deur enige openbare liggaam, organisasie of enige persoon gemaak mag word, te ontvang en te administreer. (*k*) In die algemeen alle ander wettige dinge te doen wat gepaard gaan met of bevorderlik is vir die bereiking van hierdie doelstellings of enigeen van hulle
W.O. 2257	„ The Bantu Women's Prayer and Welfare Circle ". P/a Die Bantoesakekommissaris, Privaatsak 1013, Pietermaritzburg	(1) Om te stry teen skoolverlating deur kinders voor Junior Sertifikaat weens gebrek aan middele. (2) Om kinders en ook volwassenes wat versorging en leiding nodig het, geldelik, stoflike en geestelik te help. (3) Om behoorlike huisbestuur aan te moedig en om vergaderings te hou ten einde hierdie doelstelling te bevorder. (4) Om te stry teen onegtheid onder Bantoes en om dit te ontmoedig. (5) Om liefde vir die huis by Bantoevroue aan te moedig en te kweek. (6) Om die regte opvoeding van kinders onder Bantoemoeders aan te moedig. (7) Om nuttige tuisbedrywe van produktiewe aard onder kinders, en veral ouer kinders, aan te moedig. (8) Om konstruktiewe vryetydsbedrywighede onder Naturelle-volwassenes en jeugdiges aan te moedig. (9) Om die Zoeloetaal suiwer te bewaar. (10) Om die ongelukkige omstandighede wat Bantoemoeders dwing om hulle kinders te verlaat en te gaan werk, te probeer voorkom. (11) Om druk uit te oefen op die vader van 'n buite-egtelike kind om die verantwoordelikheid te dra vir die opvoeding en versorging van onegte kinders. (12) Om bejaarde en ander persone te help om selfrespek te win. (13) Om te probeer om vrede in die huis te bewerkstellig. (14) Om ouers te beïnvloed om 'n wakende oog te hou oor hulle opgroeiende kinders, veral oor dogters van troubare ouderdom, ten einde misverstand tussen paartjies te voorkom en te verhelp en om huweliksleiding beide voor en na die huwelik te verskaf om die verbreking van huwelike te voorkom. (15) Om bidure te reël waar die hulp van die Almagtige gesoek sal word om al die bostaande doelstellings te verwerklik. (16) Om gelde in te samel soos van tyd tot tyd deur 'n algemene vergadering besluit word. (17) Om in die algemeen alle stappe te doen wat wenslik of noodsaaklik mag wees om te verseker dat die sake van die vereniging doeltreffend bestuur word.
W.O. 2258	Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging-tak, Noord-Rand, Oaklaan 332, Ferndale, Pk. Broughton	Die welsyndoelstelling van die vereniging is: die diens van barmhartigheid ten opsigte van alle mense en ten opsigte van almal wat lidmate is van 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder, deur hulp te verleen aan diegene wat versorging nodig het, wat in hulle gesinslewe teen moeilikhede moët stry, wat maatskaplik ontspoor is of wat hulle in materiële nood bevind. Die doel is verder om te midde van die maatskaplike nood van die

Registrasie-No.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
		volk, in samewerking met die owerheid en die Kerk, die samelewing te wys op hulle roeping om geregtigheid te betrag, en om fondse vir die bevordering van sodanige werk deur middel van basaars, kollektes en donasies in te samel.
W.O. 2259	Die Klinieke-komitee van die N.G. Bantoekerk, te Herschel, Pk. Herschel	Om gesondheidsdienste te bevorder en om siektes te voorkom en te genees onder nie-blankes, Naturelle sowel as Kleurlinge, in die dorpsgebied en distrik van Herschel.
W.O. 2260	Tokozani-Kleuterskoolvereniging van Colenso, The Circle No. 7, Colenso	(*a*) Om 'n kleuterskool vir kinders van die inwoners van die Naturellelokasie van Colenso te bestuur. (*b*) Om opleiding in higiëne te gee en om materiaal wat daarmee gepaard gaan, te verskaf. (*c*) Om maaltye volgens 'n gebalanseerde dieet te verskaf gedurende die tye waarin die kinders in die sorg van die vereniging is, asook gereedskap en ander toerusting wat vir die doel vereis word. (*d*) Om sodanige ander fasiliteite en geriewe as wat by 'n kleuterskool pas, te verskaf. (*e*) Om gelde vir enigeen of al die doelstellings van die vereniging in te samel.
W.O. 2261	Dierebeskermingsverenigingstak, Estcourt, Albertstraat 122, Estcourt	(*a*) Om alle moontlike dinge te doen ten einde wreedheid teenoor diere in enige deel van die Unie van S.A. en in die besonder in Estcourt en distrik te voorkom. (*b*) Om voëllewe in sy natuurlike staat te behou en te beskerm en om die proklamering en beskerming van toevlugsoorde vir voëls aan te moedig. (*c*) Om alle moontlike dinge te doen om 'n besef van liefde en sorgsaamheid ten opsigte van diere en voëls in die gees van kinders in te prent. (*e*) Om die stigting van takke vir die bereiking van die doelstellings van die vereniging te bevorder en om vir die affiliasie van sulke takke by die vereniging voorsiening te maak. (*f*) Om genoemde doelstellings te bewerkstellig deur wetgewing in die verband te bevorder.
W.O. 2262	Die Playway-Kleuterskool, Kerkstraat 34, Somerset-Wes	Om binne die munisipale gebied Somerset-Wes 'n kleuterskool of -skole op te rig met die doel— (*a*) om fasiliteite vir die bywoning van 'n kleuterskool aan die voorskoolse kind van albei geslagte (d.w.s. enige kind tussen die ouderdomme van drie jaar en sewe jaar) beskikbaar te stel. (*b*) om sulke kinders selfhulp en gesonde gewoontes te leer waarvoor die besige moeder tuis geen of min tyd het. (*c*) Om die voorskoolse kind voor te berei sodat hy of sy by die ouderdom van sewe jaar vir gewone skoolopleiding gereed en geskik is. (*d*) Om bogenoemde fasiliteite aan die armer ouers teen nominale tariewe te verskaf.
W.O. 2263	Gesondheids-, Sosiale en Kinderwelsynvereniging, Posbus 1, Eshowe	A. (*a*) Om die kinders van die dorp en distrik Eshowe se belange te beskerm en hulle welsyn te bevorder. (*b*) Om waar nodig toe te sien dat aan enige wetgewing ter beskerming van kinders en die behoud van die gesinslewe uitvoering gegee word. (*c*) Om die liggaamlike, verstandelike en morele welsyn van kinders te bevorder. (*d*) om alle pogings tot maatskaplike en opvoedkundige verbetering aan te moedig en voort te help. (*e*) Om enige geval van verwaarlosing, armoede of nood, of van wreedheid teenoor kinders, of waarin kinders weens enige oorsaak misdaad gepleeg het of waar daar gevaar bestaan dat hulle tot misdaad verlei mag word, te ondersoek en te behandel. (*f*) Om te streef om die gesondheid van moeders en kinders in stand te hou deur voorkomingsmaatreëls wat met hierdie doel getref word. (*g*) Om te streef om die geestesgesondheid van moeders en kinders in stand te hou deur noue samewerking met die S.A. Nasionale Raad vir Geestesgesondheid. (*h*) Om met ander liggame of inrigtings wat soortgelyke doelstellings het, saam te werk. B. (*a*) Om die liggaamlike, verstandelike en sedelike welsyn van alle dele van die gemeenskap te bevorder. (*b*) Om belemmerde en behoeftige persone op alle moontlike maniere by te staan, in die besonder met die verkryging van staatstoelaes waarvoor deur wetgewing voorsiening gemaak word. (*c*) Om in die welsyn en rehabilitasie van persone in gevangenisse of verbeteringshuise belang te stel. (*d*) Om met ander organisasies saam te werk ter ondersteuning van bejaardes en swakkes; (*e*) om die welsyn van adolesente jeugdiges te bevorder; (*f*) om enige geval van armoede of nood te ondersoek en te behandel.
W.O. 2264	Kimberleyse Vrymesselaarshostel, Dutoitspanweg 136, Kimberley	Om aan bejaarde Vrymesselaars, hulle vrouens, weduwees en/of afhanklikes huisvesting te verskaf.
W.O. 2265	Die Vrouesendingbond van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (Kaapland) (Hoofbestuur)	Die bevordering van gesinswelsyn onder nie-blankes in die Kaapprovinsie en die insameling en aanwending van fondse vir hierdie doel. Vir die bevordering en bereiking van bogemelde doel lê die Bond hom toe op— (*a*) maatskaplike welsynswerk; (*b*) mediese dienste; en (*c*) opvoedkundige dienste.
W.O. 2266	Nederduitsch Hervormde Sustersverenigingtak, Wespark	Die diens van barmhartigheid ten opsigte van alle mense en ten opsigte van almal wat lidmate is van 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder, deur hulp te verleen aan diegene wat versorging nodig het, wat in hulle gesinslewe teen moeilikhede moet stry, wat maatskaplik ontspoor is of wat hulle in stoflike nood bevind. Die doel is verder om te midde van die maatskaplike nood van die volk, in samewerking met die owerheid en die Kerk, die samelewing te wys op hulle roeping om geregtigheid te betrag, en om fondse vir die bevordering van sodanige werk deur middel van basaars, kollektes en donasies in te samel.
W.O. 2267	Davidsonvillese Jeug- en Ontspanningsklub, p.a. Die Stadsklerk, Roodepoort	Om voorsiening te maak vir gesonde ontspanning en vermaaklikheid en vir die voorkoming van wanaanpassing en anti-sosiale gedrag onder die Kleurlinggemeenskap van Davidsonville en uitbreiding daarvan, distrik Roodepoort.
W.O. 2268	Suid-Afrikaanse Vrouefederasie-Speelsentrum, Strubenstraat 220, Pretoria	(*a*) Om die belange van die blanke skoolgaande kind van Pretoria te behartig, afgesien van geloof of politiek, na skoolure. (*b*) Om blanke kleuters vanaf 2 tot 6 jaar te huisves totdat daar openinge kom in die Eudora Hauptfleisch-Kleuterskool waarheen hulle dan oorgeplaas word.
W.O. 2269	Kersliedere by Kerslig, Posbus 92, Umkomaas	(*a*) Die bevordering van 'n ware Kersfeesstemming en die aanmoediging van die ideaal „Vrede op aarde, in die mens 'n welbehae", deur jaarliks in die distrik Umkomaas Kersliedfeeste te hou. (*b*) Die fondse wat deur middel van hierdie feeste ingesamel word, sal vir die stigting en instandhouding van 'n „Kinderdorp" of „Kinderdorpe" in Suid-Afrika aangewend word; of op sodanige ander wyse as wat die welsyn van kinders, veral ten opsigte van onderwys en gesondheid na liggaam en gees, sal bevorder.

Registrasie-nommer.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
		(*c*) Die insameling van speelgoed voor en tydens die feeste en die verspreiding van hierdie speelgoed onder behoeftige kinders tydens die Kersgety.
W.O. 2270	Stellenboschse Voedingskemavereniging, Parkhof-woonstelle No. 3, Hofmeyrstraat, Stellenbosch	Om skole wat hulp verlang met voedingskemas vir die skoliere by te staan. Die gelde of voedsel sal onder die strenge toesig van die komitee geadministreer word.
W.O. 2271	Christelik-Maatskaplike Raad, Posbus 180, Knysna	(*a*) Om in die stedelike en Afdelingsraadgebied van Knysna opbouende maatskaplike versorging van minderbevoorregtes te verseker. (*b*) Om te ywer vir beter behuising, werkstoestande, kinderversorging en vryetyds-besteding vir alle minderbevoorregtes om sodoende die sosiaal-ekonomiese en geestelike opbouing van die armes op Christelike grondslag te bevorder. (*c*) Om ons Kerklike Armesorg na die eise van ons stedelike lewe te ontwikkel. (*d*) Om die wetenskaplike studie van maatskaplike probleme te bevorder en adviserend op te tree in belang van maatskaplike opheffingswerk. (*e*) Om die openbare gewete ten opsigte van armesorgvraagstukke aan te wakker. (*f*) Om samewerking in belang van maatskaplike sorg te bevorder onder Kerkrade in die gebied. (*g*) Om as skakel te dien tussen platteland en stad op die gebied van armeversorging met die oog op intrekkendes na die stedelike gebied.
W.O. 2272	Christelike Maatskaplike Raad, Burgersdorp, p/a Mev. A. Greyvenstein, Sylvia, Burgersdorp	(*a*) Om binne die Landdrosdistrik van Burgersdorp opbouende maatskaplike versorging van die minderbevoorregtes te verseker. (*b*) Om te ywer vir beter behuising, werkstoestande, kinderversorging en vryetyds-besteding vir alle minderbevoorregtes om sodoende die sosiaal-ekonomiese en geestelike opbouing van die armes of Christelike grondslag te bevorder. (*c*) Om ons Kerklike Armesorg na die eise van ons hedendaagse lewe te ontwikkel. (*d*) Om die wetenskaplike studie van maatskaplike probleme te bevorder en adviserend op te tree in belang van maatskaplike opheffingswerk. (*e*) Om die openbare gewete ten opsigte van armesorgvraagstukke aan te wakker. (*f*) Om samewerking in belang van maatskaplike sorg te bevorder.
W.O. 2273	Nyanga Maatskaplike Welsynsvereniging, Posbus 4070, Kaapstad	(*a*) Om welsyndienste en 'n gemeenskapsentrum te verskaf. (*b*) Om opbouende vryetydsbedrywighede vir volwasse en jeugdige Naturelle te verskaf.
W.O. 2274	Werkklas van die Christelike Sustersbond, Sendingpastorie, Moorreesburg	Die vernaamste doelstelling is om behoeftige Kleurlingvroue en -dogters te bekwaam vir die knip en maak van klere vir hulself en afhanklikes, breiwerk ook ingesluit.
W.O. 2275	Bartimea-skool vir Blinde en Dowe Bantoe-kinders, p/a Posbus 375, Bethlehem	Om spesiale onderrig en onderwys ingevolge artikel *een* van die Wet op Spesiale Skole, 1948 (Wet No. 9 van 1948) vir blinde en dowe Bantoekinders, veral kinders van die Suid-Sotho-groep in die O.V.S. te verskaf, afgesien van die kerkgenootskap waartoe hulle behoort.
W.O. 2276	Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkuloseverenigingtak, Graaff-Reinet, Somersetstraat 25, Graaff-Reinet	(*a*) Om 'n beleid te formuleer ten einde die behoeftes van plaaslike teringpasiënte te voorsien, en om alle moontlike stappe ter bestryding van tering, die vroeë ontdekking daarvan, en die spoedige behandeling van pasiënte te bevorder en te ondersteun. (*b*) Om leiding te gee in verband met die voorligting t.o.v. die bestryding van tering en die aanleidende oorsake daarvan, ten einde sodoende die publiek in te lig i.v.m. hierdie openbare aangeleentheid. (*c*) Om matreëls in te stel ten einde tering te verhoed veral by diegene wat deur kontak of omgewingstoestande vatbaar is vir die siekte. (*d*) Om in die algemeen aandag te gee aan alle aangeleenthede, i.v.m. die versorging van teringpasiënte, en persone wat daaraan gely het sowel as hulle kontakte en afhanklikes, asook aan die uitwissing van die siekte. (*e*) Om fondse in te samel en te bestee vir enigeen van- of al die doelstellings van die tak.
W.O. 2277	Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkuloseverenigingtak, Stutterheim, Posbus 27, Stutterheim	(*a*) Om 'n beleid te formuleer ten einde in die behoeftes van plaaslike teringpasiënte te voorsien, en om alle moontlike stappe ter bestryding van tering, die vroeë ontdekking daarvan, en die spoedige behandeling van pasiënte te bevorder en te ondersteun. (*b*) Om leiding te gee in verband met die voorligting t.o.v. die bestryding van tering en die aanleidende oorsake daarvan, ten einde sodoende die publiek in te lig i.v.m. hierdie openbare aangeleentheid. (*c*) Om maatreëls in te stel ten einde tering te verhoed, veral by diegene wat deur kontak of omgewingstoestande vatbaar is vir die siekte. (*d*) Om in die algemeen aandag te gee aan alle aangeleenthede i.v.m. die versorging van teringpasiënte en persone wat daaraan gely het sowel as hulle kontakte en afhanklikes, asook aan die uitwissing van die siekte. (*e*) Om fondse in te samel en te bestee vir enigeen van- of al die doelstellings van die tak.
W.O. 2278	Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkuloseverenigingtak, Caledon, Afdelingsraadkantoor, Caledon	(*a*) Om 'n beleid te formuleer ten einde in die behoeftes van plaaslike teringpasiënte te voorsien, en om alle moontlike stappe ter bestryding van tering, die vroeë ontdekking daarvan, en die spoedige behandeling van pasiënte te bevorder en te ondersteun. (*b*) Om leiding te gee in verband met die voorligting t.o.v. die bestryding van tering en die aanleidende oorsake daarvan, ten einde sodoende die publiek in te lig i.v.m. hierdie openbare aangeleentheid. (*c*) Om maatreëls in te stel ten einde tering te verhoed, veral by diegene wat deur kontak of omgewingstoestande vatbaar is vir die siekte. (*d*) Om in die algemeen aandag te gee aan alle aangeleenthede i.v.m. die versorging van teringpasiënte, en persone wat daaraan gely het sowel as hulle kontakte en afhanklikes, asook aan die uitwissing van die siekte. (*e*) Om fondse in te samel en te bestee vir enigeen van- of al die doelstellings van die tak.
W.O. 2279	Sutherlandse Kleurlinggesondheidsorganisasie, p/a Die Landdros, Sutherland	Om toesig te hou oor die gesondheid van die Kleurlinggemeenskap in sy gebied, voorligting te gee en fasiliteite te skep met die doel om hulp te verleen aan siekes en kraamgevalle van Kleurlingpersone wat dit in sy gebied nodig het.
W.O. 2280	N.G. Kerk-sustersverenigingtak, Oos-Londen, Grahamweg 4, Oos-Londen	(5) Om die diakonie by te staan om die diens van barmhartigheid in sy volle omvang te beoefen op geestelike, maatskaplike en stoflike gebied. (6) Om te waak teen alle gevare wat die huweliks- en gesinslewe bedreig. (7) Om aktief op te tree in belang van gesinsorg en kindersorg van die plaaslike gemeenskap en van die kerk in die algemeen. (8) Om 'n studie te maak van maatskaplike vraagstukke en om medewerking en hulp te verleen in verband met die oplossing daarvan. (9) Om as hulpdiens in die gemeenskap aandag te skenk aan siekes, bejaardes, maatskaplik onaangepaste gesinne, behoeftiges, beproefdes en ook om nuwe intrekkers op te soek en in die gemeenskapslewe in te skakel. (10) Om daadwerklik belang te stel in die werwing, opleiding en indiensneming van kerklike maatskaplike werksters. (11) Om voorligting te verskaf en hulp te verleen in verband met gesonde leesstof, vryetydsbesteding en ontspanning, veral van die jeug. (12) Om fondse in te samel met die oog op die verwesenliking van die doelstellings.

Registrasie-No.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
W.O. 2281	Grahamstownse Gebiedsnoodlenigingsvereniging, Fitzroystraat 41, Grahamstown	(i) Om met bestaande welsynorganisasies en belangstellende liggame en persone saam te werk in die verligting en verbetering van maatskaplike, ekonomiese en fisiese toestande van nie-blankes wat binne die munisipale gebied Grahamstown in nood lewe. (ii) Om die navorsing te onderneem wat nodig is om die feitelike inligting te verskaf waardeur die probleme i.v.m. die verligting van die maatskaplike, ekonomiese en fisiese toestande van sulke persone ten volle begryp en behandel kan word. (iii) Om op aansoek aan enige liggaam planne of wenke aan die hand te doen i.v.m. die beste wyse waarop daardie liggaam, volgens die mening van die Vereniging, kan meehelp in 'n besondere afdeling van die probleem van geteisterde gebiede, en om enige sodanige liggaam te help om die verlangde doel te bereik deur alle middele binne die magte van die Vereniging. (iv) Om enige handeling te onderneem ter bereiking van hierdie doelstellings indien die Vereniging oortuig is dat in die behoefte voorsien moet word. (v) Om die samewerking van persone wat noodleniging en verbetering van maatskaplike, ekonomiese en fisiese toestande in die Grahamstownse munisipale gebied nodig het, te verkry in die uitvoering van die doelstellings van die Vereniging of van enige skema wat daardeur geloods word. (vi) Om openbare belangstelling te vestig op, en die publiek in te lig oor die fisiese, ekonomiese en maatskaplike toestande in hierdie gebied met die doel om die publiek te beïnvloed om die pogings van hierdie en ander organisasies tot verbetering van sake, daadwerklik te ondersteun. (vii) Om geld in te samel vir die doelstellings van die Vereniging op enige wyse wat geskik geag word en om die geld wat so ingesamel is aan te wend ter bereiking van hierdie doelstellings. (viii) Om enige middel waardeur belemmerde en ander persone in beskutte arbeid in diens geneem word, te stig en in werking te stel.
W.O. 2282	Fort Beaufortse Tafelronde-welsynorganisasie, p/a Hanesworth & Seun, Posbus 5, Fort Beaufort	Om geld en ander bates in te samel, te behou of te belê en dit uit te deel vir die bevordering van alle soorte liefdadigheid, maatskaplike welsyn- en gemeenskapsdienswerk, en vir die onderstand, bystand en welsyn van behoeftige of belemmerde of wanaangepaste persone in die gemeenskap asook vir die bevordering van gesinswelsyn.
W.O. 2283	Vereniging vir die Welsyn van Bejaardes van Somerset-Wes, Posbus 43, Somerset-Wes	(1) Om die welsyn van alle bejaarde persone binne die gebied waarin dit werksaam is, te bevorder. (2) Om enige geval van armoede of ontbering onder bejaarde persone in die gebied te ondersoek en te behandel. (3) Om met ander liggame of inrigtings met soortgelyke doelstellings saam te werk.
W.O. 2284	Bantoekindersorgvereniging van Ladysmith, p/a Mev. Patricia Gardner, Bereaweg 5, Ladysmith	(*a*) Om die belange van Bantoekinders te beskerm en hulle welsyn te bevorder. (*b*) Om, waar nodig, uitvoering te gee aan enige wetgewing wat vir die beskerming van Bantoekinders en die behoud van Bantoegesinslewe opgestel word. (*c*) Om die liggaamlike, geestelike en sedelike welsyn van Bantoekinders te bevorder. (*d*) Om alle pogings tot maatskaplike en opvoedkundige vooruitgang van Bantoes aan te moedig en te steun. (*e*) Om gevalle van verwaarlosing, armoede, of nood, of wreedheid teenoor Bantoekinders, of waar om enige rede Bantoekinders 'n misdaad gepleeg het, of waar daar gevaar bestaan dat hulle tot misdaad verlei mag word, te ondersoek en te behandel. (*f*) Om te streef na die behoud van die gesondheid van Bantoemoeders en kinders deur voorsorgmaatreëls wat met die doel getref word. (*g*) Om te streef na die behoud van die geestesgesondheid van Bantoemoeders en kinders deur noue samewerking met die S.A. Nasionale Raad vir Geestesgesondheid. (*h*) Om saam te werk met ander liggame of inrigtings wie se doelstellings soortgelyk is aan die van die Vereniging.
W.O. 2285	Jubileumgedenkfees-Tehuisvereniging van Goodwood, Posbus 100, Goodwood	(1) Om deur aankoop, donasie, huur of op enige ander manier vaste eiendom (met of sonder geboue daarop) te verkry met die doel om dit te gebruik en/of daarop 'n tehuis op te rig om bejaarde blanke persone daarin te huisves en te onderhou. (2) Om in die besonder die donasie van ongeveer 30,000 vk. voet grond geleë in Goodwood-uitbreiding No. 1, Goodwood-munisipaliteit, van Joyce & McGregor (Eiendoms), Beperk, in ontvangs te neem, en 'n verdere donasie van £500 van dieselfde firma. (3) Om donasies en subskripsies ter bevordering van die hoofdoel van die Vereniging te ontvang. (4) Om alle ander dinge te doen wat bevorderlik vir of bykomend by die bereiking van bostaande doelstellings of enigeen van hulle mag wees.
W.O. 2286	Verplegingsvereniging van Ncalu-distrik, p/a T. J. Conco, Pk. Ncalu, oor Ixopo	(*a*) Om bystand te verleen aan die verplegingsdienste vir Bantoes van Maryhelp, Plainhill, Ncalu, Songiya, Bovini, Mgodi, Nokweja en die omliggende distrik, en om 'n kliniek te Ncalu op te rig. (*b*) Om die Ncalu-kliniek by te staan in die verskaffing van die nodige gelde en middele vir die instandhouding van die kliniek. (*c*) Om in die geldelike administrasie van die Ncalu-kliniek te adviseer, by te staan en algemene beheer uit te oefen. (*d*) Om die beste verstandhouding moontlik tussen die Vereniging en plaaslike en goewermentsbesture te verseker.
W.O. 2287	Verplegingsdienskomitee van Hartland, p/a Mev. M. A. Sanders, Pk. Paulpietersburg, Natal	(*a*) Om bystand te verleen aan die verplegingsdiens vir die Bantoebevolking van Hartland en omliggende gebiede. (*b*) Om hulp te verleen aan die kliniek deur die verskaffing van die nodige gelde en middele vir die instandhouding van die kliniek. (*c*) Om in die geldelike administrasie van die kliniek te adviseer en te help. (*d*) Om die beste verstandhouding moontlik tussen die kliniek en plaaslike en goewermentsbesture te verseker.
W.O. 2288	Vereniging van die Ouetehuis van Windermere, p/a Die Ere-sekretaresse, Delrenee Mansions 18, Russelstraat, Durban	Om 'n tuiste, onderhoud en lewensgeriewe in Durban te verskaf aan swak, bejaarde blanke persone met beperkte middele teen so 'n huurgeld en onderworpe aan sulke reëls soos voorgeskryf mag word.
W.O. 2289	Raad van die ds. W. F. Knobel-sendinghospitaal, Bethesda, Pk. Kalkbank, oor Pietersburg	Om die naturel te evangeliseer, om mediese dienste aan hom beskikbaar te stel en om hom op te voed wat betref die verbetering van sy algemene gesondheidstoestand.
W.O. 2290	Goedverwacht-Gesondheidskomitee, p/a Eerw. N. Reichel, Goedverwacht, oor Moravia	(*a*) Om 'n verplegingsdiens te Goedverwacht te onderhou. (*b*) Om noodsaaklike medisyne, kleding en voeding aan behoeftige pasiënte te verskaf. (*c*) Om kennis oor gesondheidsake te versprei en die plaaslike bestuur te ondersteun by die uitvoering van regulasies in verband met gesondheidsake. (*d*) Om te ywer vir die oprigting van 'n behoorlik toegeruste kliniek.
W.O. 2291	Vereniging van Bantoeseunsklubs van Dube, p/a MacRobert, De Villiers & Hitge, Posbus 276, Pretoria	Om die verstandelike, liggaamlike en geestelike welsyn van Bantoeseuns te bevorder deur die oprigting van Bantoeseunsklubs.

Registrasie-nommer.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
W.O. 2292	Kimberleyse Hulpvereniging vir Chroniese Siekes, Posbus 616, Kimberley	(1) Om gelde in te samel ter ondersteuning van Chroniese en herstellende siekes. (2) Om Chroniese siekes van en na hulle huise te vervoer wanneer hulle die hospitaal besoek as binne- of buitepasiënte. (3) Om te betaal vir die dienste van dokters en verpleegsters ten opsigte van persone wat in behoeftige omstandighede verkeer. (4) Om die koste te bestry van nagverpleegsters vir Chroniese siek pasiënte wat tuis is. (5) Om voedsel en klere aan verarmde Chroniese siek pasiënte te verskaf. (6) Om geldinsamelingkomitees te stig ten einde geld in te samel deur middel van kermisse, jaarlikse subskripsies, donasies, konserte, ens. (7) Om in die algemeen noodleniging aan lydende Chroniese siek pasiënte te bevorder en uit te voer.
W.O. 2293	Hesperos-nutsmaatskappy, p/a J. D. Crawford en Seun, Posbus 25, Beaufort-Wes	Die oprigting, verkryging en voorsiening van wonings en huise in Suid-Afrika aan bejaarde blanke persone en gesinne, op voorwaarde dat ondergenoemde nie onderneem mag word nie:— (*a*) die oprigting en bestuur van skole (behalwe kleuterskole); en (*b*) die oprigting en bestuur van bioskope.
W.O. 2294	Elginse Tafelronde-welsynorganisasie, Posbus 44, Elgin, K.P.	Om geld en ander bates in te samel, te behou of te belê, en dit uit te deel vir die bevordering van alle werke van barmhartigheid, maatskaplike welsyn en gemeenskapsdiens, en vir die verligting, bystand en welsyn van behoeftige of belemmerde of wanaangepaste persone in die gemeenskap, en vir die bevordering van gesinswelsyn.
W.O. 2295	N.G. Kerk-sustersvereniging tak, Algoapark-Noord, Kamdeboostraat 3, Algoapark, Port Elizabeth	(5) Om die diakonie by te staan om die diens van barmhartigheid in sy volle omvang te beoefen op geestelike, maatskaplike en stoflike gebied. (6) Om te waak teen alle gevare wat die huweliks- en gesinslewe bedreig. (7) Om aktief op te tree in belang van gesinsorg en kindersorg van die plaaslike gemeenskap en van die kerk in die algemeen. (8) Om 'n studie te maak van maatskaplike vraagstukke en om medewerking en hulp te verleen in verband met die oplossing daarvan. (9) Om as hulpdiens in die gemeenskap aandag te skenk aan siekes, bejaardes, maatskaplik onaangepaste gesinne, behoeftiges, beproefdes en ook om nuwe intrekkers op te soek en in die gemeenskapslewe in te skakel. (10) Om daadwerklik belang te stel in die werwing, opleiding en indiensneming van kerklike maatskaplike werksters. (11) Om voorligting te verskaf en hulp te verleen in verband met gesonde leesstof, vryetydsbesteding en ontspanning, veral van die jeug. (12) Om fondse in te samel met die oog op die verwesenliking van die doelstellings.
W.O. 2296	Lytteltonse Kleuterskoolvereniging, p/a Mev. E. Eberhard, Posbus 1481, Pretoria	Die daarstelling van geleenthede vir die maksimum liggaamlike, verstandelike, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van blanke kinders tussen die ouderdomme van drie en ses jaar wat in Lyttelton en omgewing woon.
W.O. 2297	Prieska-Noodlenigingskomitee, Posbus 16, Prieska	(*a*) Om hulp te verleen by die voorsiening in die behoeftes van persone wat getref is en om bystand te verleen met die herstelwerk ten opsigte van materiële skade en verliese wat gely is as gevolg van 'n storm op 3 Desember 1959. (*b*) Om geldelike en ander bydraes afkomstig uit enige bron in die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika in te samel en aan te wend ten einde die hulp te verleen waarvan in (*a*) hierby melding gemaak is. Enige hulp uit die Fonds geskied op 'n *ex gratia* basis.
W.O. 2298	Port Elizabethse Jeugleiding-aksiekomitee, Erithstraat 17, Mount Road, Dorpsgebied, Port Elizabeth	(1) Om 'n sentrum of sentra te stig, te onderhou en te administreer waar voorsiening gemaak sal word vir ontspanningsgeriewe, opvoeding, leiding, opleiding, vermaak en sodanige ander aktiwiteite as wat nodig geag word vir die welsyn en opheffing van dié jongmense in Port Elizabeth en Walmer vir wie daar òf onvoldoende òf ontoereikende fasiliteite bestaan, met besondere nadruk op die behoefte aan voorkoming van misdrywe. (2) Om aan die sentrum die nodige toerusting te verskaf, insluitende dinge soos projektors, rolprente, meubels, benodigdhede vir gimnastiek en sport, en om personeel te laat oplei in jeugleierskap met die oog op die suksesvolle bestuur van die sentrum wat betref die voorkoming en beperking van misdrywe. (3) Om vertroubare inligting oor die probleme van adolesensie, opvoeding, afhanklikheid en probleme wat aanverwant is aan die breë gebied van menslike gedrag in te win en te versprei, en om openbare belangstelling in hierdie probleme aan te moedig deur middel van lesings en sodanige ander weë as wat hulle mag voordoen. (4) Om met Staatsdepartemente en inrigtings, plaaslike besture, vrywillige maatskaplike organisasies en private persone saam te werk ter bevordering van bostaande doelstellings.
W.O. 2299	Transvaalse Maleier-Mosle, Helpende Hand, Vyf-en-twintigste Straat 19, Vrededorp, Johannesburg	(*a*) Om rantsoene en mediese hulp aan die minder gegoede deel van die samelewing te verskaf en om met die betaling van huur te help wanneer dit nodig is. (*b*) Om donasies aan liefdadigheids- en welsynorganisasies te gee.
W.O. 2300	Indiërwelsynvereniging van Northdale, p/a Dehra Dunweg 26, Northdale, Pietermaritzburg	(*a*) Om vriendelikheid en 'n gees van broederskap onder die inwoners van die Indiërbehuisingskema van Northdale te bevorder en om simpatieke- en wyer menslike belangstelling in die lewe en behoeftes van die Indiërgemeenskap aan te moedig. (*b*) Om maatskaplike toestande te verbeter, om armes en behoeftiges te help en om opvoeding en sport te bevorder. (*c*) Om saam te werk met enige ander inrigting of vereniging wat soortgelyke doelstellings het.
W.O. 2301	Rudolf Steiner-Hulpvereniging (Oostelike Provinsie), Posbus 1266, Port Elizabeth	(*a*) Om hulp te verleen met die instelling en bestuur van tehuise en/of sentrums en/of skole en/of klinieke of ander plekke wat voorsiening maak vir die onderhoud, opvoeding, versorging en welsyn van kinders en ander persone wat as gevolg van verstandelike of liggaamlike belemmering, spesiale versorging en aandag nodig het. Sulke sentrums sal bestuur en onderhou word volgens die metode van genesende opvoeding wat deur wyle dr. Rudolf Steiner aangedui is. (*b*) Om beurse te verskaf aan persone wat geldelike hulp nodig het om hulle in staat te stel om sulke sentrums by te woon. (*c*) Om aan sulke sentrums geldelike hulp vir die nasorg van kinders en volwassenes by hierdie sentrums gedeeltelik of in die geheel te verleen. (*d*) Om ouerverenigings en geaffilieerde verenigings te stig en aan te moedig. (*e*) Om gelde in te samel en toe te wys aan elkeen of enigeen van bostaande doelstellings, en om alle ander dinge te doen wat bevorderlik of wenslik mag wees vir die bereikng daarvan.
W.O. 2302	Nie-blanke Welsynvereniging van Howick, Posbus 29, Howick	(*a*) Om die algemene welvaart en welsyn van alle nie-blanke volke te bevorder. (*b*) Om geldinsamelings vir die uitvoering van die doelstellings van die Vereniging te organiseer en te onderneem. (*c*) Om binne die werkgebied aktiwiteite ten opsigte van maatskaplike, ontspannings-opvoedkundige, gesondheids- en algemene welsyn te bevorder, te organiseer en aan te moedig.

Registrasie-No.	Naam en Adres van Organisasie.	Doelstellings van Organisasie.
		(*d*) Om vaste eiendom te huur, te koop of op ander maniere te verkry, en om surplusgelde wat nie onmiddellik vir die doelstellings van die Vereniging nodig is nie, te belê teen rente in sodanige sekuriteite as wat die Uitvoerende Komitee mag besluit.
W.O. 2303	Welsynwerkkomitee van die Johannesburgse Rotarierklub, Posbus 356, Johannesburg	(1) Om in die stoflike benodigdhede van behoeftiges te voorsien. (2) Om gesinswelsyn en/of die welsyn van persone wat behoeftig of in die samelewing agtergestel of sleg daarby aangepas is, te bevorder; (3) Om behoeftigheid en maatskaplike wanaanpassing te voorkom. (4) Om mishandeling van diere te voorkom en om die welsyn van diere te bevorder. (5) Om welsynwerk in die algemeen te onderneem. (6) Om al sulke handelinge te doen en al sulke aktiwiteite te onderneem wat vir die bereiking van voorgaande doelstellings nodig mag wees of daartoe kan bydra.
W.O. 2304	Rosmead en Distriksskliniek, Rosmead Aansluiting, K.P.	Om in alle behoeftes van die nie-blanke gemeenskap te voorsien, beide Kleurling en Bantoe. Om kraamgevalle te behartig asook siekes, waar nodig, te verpleeg en van raad te dien. Om om te sien na die algemene gesondheid van die nie-blanke gemeenskap in die algemeen.
W.O. 2305	Tafelrondewelsynorganisasie van King William's Town, Posbus 266, King William's Town	Om geld en ander bates in te samel, te behou of te belê, en dit uit te deel vir die bevordering van alle werke van barmhartigheid, maatskaplike welsyn en gemeenskapsdiens, en vir die verligting, bystand en welsyn van behoeftige of belemmerde of wanaangepaste persone in die gemeenskap, en vir die bevordering van gesinswelsyn.
W.O. 2306	Randfontein-Tafelrondewelsynorganisasie, Park Gate 7, Parkstraat, Randfontein	Om geld en ander bates in te samel, te behou of te belê, en dit uit te deel vir die bevordering van alle werke van barmhartigheid, maatskaplike welsyn en gemeenskapsdiens, en vir die verligting, bystand en welsyn van behoeftige of belemmerde of wanaangepaste persone in die gemeenskap, en vir die bevordering van gesinswelsyn.
